Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 13, Nr 2, 1983. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Die Suid-Afrikaanse Oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wereldoorlog – deel II

Dr J. vd B. Breedt*

**For a short English summary of the contents of this article, please see part one of the article in Militaria 13/1 of 1983.**

## Mynwese en Nywerheid

**Die Mynboubedryf. Mynwese: Algemeen.** Die mynwese het 'n belangrike rol in Suid-Afrika se oorlogspoging gepeel, en die noodtoestand het 'n groot uitbreiding van die werk van die Departement van Mynwese meegebring. Die Afdeling Geologiese Opname het sy pogings verskerp om ontginbare afsetting van strategiese minerale te vind. Daar is veral na tin, wolfram, molibdeen en koper, asook na steenkool, olie en olieskalie, gesoek.

Dit het vroeg in 1940 duidelik geblyk dat dit nodig sou wees om private eiendomme wat moontlikheid kon inhou, te prospekteer om in die behoeftes te voorsien van die ammunisiefabrieke en die talryke nuwe industrieë wat ten gevolge van die oorlog onstaan het, soos byvoorbeeld asbessement-, ysterlegering-, en sianiedfabrieke, en fabrieke wat vuurvaste materiaal en industriële chemikalieë vervaardig het.

Ten einde die Departement teen moontlike dwarsboming deur private belange te vrywaar, is die Wysigingswet op Onedele Minerale, 1942, en die Wet op Aardolie, 1942, aangeneem. Hierby is aan die Minister die bevoegdheid verleen on in die landsbelang die ondersoek en prospektering van enige gebied in SA te onderneem, en 'n intensiewe soektog is ondeneem. 'n Opname is gemaak van metale en ertse beskikbaar, en groot hoeveelhede skaars minerale is aan die Geallieerdes vir oorlogsdoeleindes gelewer. Die volgende is besonderhede van sommige hiervan wat gedurende die tydperk 1940–44 aan Geallieerde lande gelewer is.

Die grootste toename in uitvoere het deur Lourenco Marques plaasgevind. Die volgende syfers weerspieël die toename in produksie en uitvoere gedurende die oorlogsjare.[34]

**Steenkool geproduseer, Gebunkeer en uitgevoer, 1940–45**

| Jaar | Geproduseer Ton | Gebunkeer Ton | Uitgevoer Ton |
|---|---|---|---|
| 1940 | 18,934,005 | 1,485,473 | 947,454 |
| 1941 | 20,213,308 | 1,680,940 | 1,089,315 |
| 1942 | 22,101,575 | 1,918,848 | 1,425,954 |
| 1943 | 22,287,291 | 885,231 | 2,260,422 |
| 1945 | 25,465,584 | 851,739 | 4,211,584 |

**Fabrieksnywerhede. – Die metallurgiese en ingenieursnywerheid.** Suid-Afrika het aan die begin van die oorlog ongeveer een-derde van die normale staalbenodigdhede van die land geproduseer, terwyl die restant ingevoer is, hoofsaaklik uit Groot-Brittanje en die vasteland van Europa. Yskor was vir die grootste gedeelte van die plaaslike produksie verantwoordelik, en sy opbrengs het teen Julie 1939 'n jaarlikse syfer van 344,700 ton staalgietblokke bereik, maar produksie is ook op aansieklike skaal te Newcastle en Vereeniging uitgebou.

Met die uitbreek van vyandelikhede is daar onmiddellik stappe gedoen om die staalfabriek te Pretoria uit te brei met die doel om die produksie van gietyster te verhoog, en in die loop van die oorlog is daar heelwat by Yskor aangebou om vir die talryke vervaardigingsprosesse voorsiening te maak. Sodoende is Yskor se jaarlikse produksie in 1945 tot meer as ½ miljoen ton rustaal uitgebrei.

Van die nywerheid is verwag om nie alleen die toerusting vir produksie maar ook die klaargemaakte artikel te produseer. Nuwe uitrusting is verskaf of die masjinerie wat beskikbaar was, is vir die ammunisiefabrieke, die myne, die bou-, suiker- en inmaakbedrywe en ook vir baie ander nywerhede diensklaargemaak of hernu.

Skeepsherstelwerk was een van die belangrikste eise wat aan die nywerheid gestel is, veral gedurende die tydperk toe die Middellandse See gesluit was, en sommige skouspelagtige werkstukke is op geslaagde wyse uitgevoer.

Daarbenewens was daar die ontsaglike produksie van oorlogsvoorrade wat elders in hierdie Hoofstuk beskryf word. Yskor, die Spoorwegwerkwinkels en die goudmynbedryf het 'n merkwaardige aandeel hierin gehad en die Munt het ook 'n aansienlike bydrae gelewer. Teen 1945–46 het die totale waarde van die produksie van fabrieke in private besit van R62 miljoen tot R134 miljoen gestyg, terwyl die aantal werknemers van 66,000 tot 107,000 toegeneem het.[35]

**Die Tekstielnywerheid.** SA was in 1939 feitlik geheel en al van ingevoerde tekstielstowwe afhanklik. 'n Sekere hoeveelheid komberse, reisdekens en sjaals, breiware en kouse, tou, touwerk en seilgare, en matte en matwerk is plaaslik geproduseer, maar die fabrieke moes in 'n groot mate op ingevoerde garesoorte staatmaak en plaaslike garesoorte het 'n aansienlike persentasie ingevoerde wol bevat. Die klerasienywerheid het van ingevoerde stukgoedere gebruik gemaak en daarbenewens is ook nog groot hoeveelhede klaargemaakte klere uit Brittanje, Amerika, Sjina en Japan ingevoer.

Die grootste afdeling van die tekstielnywerheid was dié wat klerasie vervaardig het. Die werk wat hierin verrig is, het merendeels uit die sny, maak en afwerking van stowwe vir die kleremakershandel, dws vir klere op maat gemaak en vir klaargemaakte klere, bestaan. Die klerasienywerheid het gedurende die oorlog met rasse skrede vooruitgegaan aangesien dit voordeliger was om die plaaslike vervaardigingsfasiliteite aan te wend en om die beskikbare skeepsruimte te gebruik vir die invoer van materiaal om in die Unie verwerk te word. Die invoer van klaargemaakte klere is derhalwe feitlik geheel en al gestaak.

Afgesien van die vervaardiging van klerasie het die bedrywighede van die tekstielnywerheid ook die produksie van komberse, reisdekens en sjaals, teerseile, tente en ander seile, tou, touwerk en seilgare en matte en matwerk ingesluit. Sommige fabrieke het 'n klein hoeveelheid flennie en kledingstof geproduseer.

By die vervaardiging van komberse, reisdekens en sjaals, was Suid-Afrikaanse en ingevoerde wol, katoenafval en sintetiese vesels die vernaamste grondstowwe wat gebruik is.

In 1944–45 is 5,811,000 komberse geproduseer, en in die loop van die oorlog is meer as 5,000,000 aan die strydmagte verskaf, met inbegrip van 3,000,000 wat deur die Voorsieningsraad van die Oostelike Groep in Delhi bestel is.

Die nywerheid vir die vervaardiging van seildoekgoedere het tente, teerseile, seile en ander seildoekmateriaal geproduseer om in feitlik al SA se behoeftes te voorsien, maar hy was ook in 'n groot mate van ingevoerde stowwe afhanklik. Ses fabrieke het dwarsdeur die oorlog toue, touwerk en seilgare in redelike hoeveelhede geproduseer, hoofsaaklik van ingevoerde stowwe maar 50 persent van die vervaardigde benodighede moes ingevoer word. Wat stowwe vir sakke, matte en matwerk betref was SA ook van invoere afhanklik.[36]

## Leer

a. **Die Looinywerheid.** Die oorlog het 'n algehele verandering ten goede in die posisie van die looinywerheid teweeggebring aangesien dit voorheen moeilike tye ondervind het en sommige firmas selfs verliese gely het. Die produkte het hoofsaaklik uit soolleer, ru-boleer en leer vir tuie bestaan waarvoor die huidvoorrade in die Unie gewoonlik voldoende was. Na gelang die oorlog verloop het het daar egter van tyd tot tyd besorgdheid oor die huidvoorrade onstaan weens die afname in die aantal slagtings en die toename in die produksie van skoeisel, maar invoere van velle uit aangrensende gebiede het enige oponthoud voorkom. Waar bestellings uit die buiteland vir skoene en ander produkte afgewys is, was dit hoofsaaklik aan die tekort aan masjiene te wyte, wat nie gedurende die oorlog van oorsee verkry kon word nie.

Wat die fyner soorte leer betref, was die Unie van invoer afhanklik. Voor die oorlog is hierdie tipes leer uit die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State, Suid-Amerika en Java ingevoer, maar weens lewerings- en verskepingsmoeilikhede het die grootste gedeelte van die benodigde boleer gedurende die oorlog uit Suid-Amerika gekom. Oorlogstoestande het egter die plaaslike produksie van voering- en boleer uit skaap- en bokvelle, asook die bewerking van kalfsleer, in 'n mate gestimuleer.

b. **Die skoeiselnywerheid.** Die Unie het voor 1939 groot hoeveelhede skoene veral uit Groot-Brittanje, die VSA en Europa ingevoer. Die oorlog het die Suid-Afrikaanse skoeiselnywerheid 'n geweldige stoot gegee, aangesien daar van hom vereis is om die tekort aan te vul wat deur die skaarste aan skeepsruimte vir invoergoedere en die afwending van oorsese produksie vir huishoudelike en oorlogsbehoeftes veroorsaak is. Gedurende die tydperk 1939–1945 het die waarde van ingevoerde stewels en skoene gedaal – en die plaaslike produksie van stewels en skoene van dieselfde tipe is uitgebou.

Die grootste prestasie was egter die produksie van 9,842,400 pare militêre stewels waarvan een-derde na SA se strydmagte en die oorskot na Geallieerde troepe op die verskillende gevegsfronte gegaan het waar hulle weens hul afwerking en betroubaarheid hoog aangeprys is. Afgesien van militêre stewels het die nywerheid ook baie ander ongewone tipes vir oorlogsgebruik geproduseer. Daarbenewens is groot hoeveelhede verskillende soorte uitrusting soos Sam Brownebande, kamaste, geweerbande, handskoene, tuie ens vervaardig.

Teen die einde van die oorlog het die uitvoer van leerstewels en -skoene en aanverwante produksie die invoer oorskry.

**Springstowwe, kunsmis en ander chemiese nywerhede.** Die springstofnywerheid het gedurende die oorlog sy produksie van kommersiële springstowwe verhoog en 'n belangrike bydrae tot SA se oorlogspoging gelewer deur 3,000 ton chloorsulfoonsuur, 6,000 ton kordiet, 855 miljoen slagdoppies, vyf miljoen donderbuisies vir handgranate, drie miljoen donderbuisies vir lugbomme, 12,000 ton T.N.T. en 400 ton tetriel te vervaardig. Voor die oorlog is 'n groot persentasie van die land se kommersiële donderbuisies uit Duitsland ingevoer, maar na die uitbreek van die oorlog het die SA fabrieke in al sy behoeftes voorsien. Die kunsmisvervaardigingsnywerheid wat vir die meeste van sy grondstowwe van die buiteland afhanklik was, het ook tekorte ondervind en moes alternatiewe bronne ontwikkel, wat die voorloper tot die vestiging van 'n eie binnelandse bedryf was. Nywerhede vir die vervaardiging van swaar chemikalieë het ook gedurende die oorlog aansienlike vordering getoon. Onder andere is swawelsuur, soutsuur, ammoniak, kalsiumbarbied ens geproduseer. Ander chemiese produkte het huishoudelike artikels soos seep, kerse, aptekersgoedere, verf, politoer, ens ingesluit. 'n Groot persentasie hiervan sowel as veeartsenykundige middels en insektemiddels vir die bestryding is plaaslike vervaardig.[37]

**Hout.** Plaaslike houtbronne was van die staat en privaatplantasies afkomstig, maar die grootste hoeveelheid van die behoeftes moes nog ingevoer word; harde houtsoorte hoofsaaklik van Suid-Amerika en die res van die Verre Ooste, Europa en Amerika. Met die afsny van voorrade van oorsee moes daar oorgeskakel word na bronne uit ander Afrika-lande om die tekorte wat onstaan het aan te vul, terwyl plaaslike produksie, veral van sagtehoutsoorte hierdeur sterk gestimuleer is. Sodoende het produksie van sagtehout van 2,5 miljoen kub vt in 1934 toegeneem tot 23,8 mil kub vt in 1945.[38] Die hoeveelheid gebruike vir hout het in die oorlogsjare sterk toegeneem soos dit as substituut vir metale aangewend is, en die aantal fabrieke het desgelyks toegeneem, meubel- sowel as ander houtfabrieke. Dit het die stadium ingelui waarop naoorlogs voortgebou is om die land sover moontlik onhafhanklik van veral sagte houtsoorte te maak.

**Die inmaakbedryf.** Die konfyt- en vrugte-inmaakbedryf was in 1939 besig om stadig maar seker te vorder, maar aangesien 73 persent van die jaarlikse produksie van ingemaakte vrugte na Brittanje uitgevoer is, was die moontlikheid van oorlog, met die daarmee gepaardgaande ontwrigting van skeepsvaart, nie juis gerusstellend nie. Die oorlog het egter teen die verwagting in die uitwerking gehad om 'n aansienlike toename in die vraag uit die buiteland teweeg te bring. Brittanje het vir die eerste keer sedert die Eerste Wêreldoorlog begin om Suid-Afrikaanse konfyt in te voer en die nywerheid het daarby ook groot bestellings ontvang om die Suid-Afrikaanse en Geallieerde leërs van sy produkte te voorsien. Die vraag het in so 'n mate toegeneem dat daar gemeen is dat dit die oprigting van 'n nuwe koöperatiewe fabriek by Ashton in die Kaapprovinsie geregverdig het. Die aantal fabrieke vir die inmaak van konfyt en die inlê van vrugte het gedurende die tydperk 1939–1945 van twee-en-twintig tot slegs ses-en-twintig gestyg, maar die aantal voedselinmaakfabrieke het van veertien tot een-en-twintig toegeneem. Die aantal werknemers het in die betrokke tydperk van 2,855 tot 8,018 gestyg. Die groente-inmaaknywerheid, wat by bogenoemde produksie syfers ingesluit is, was voor die oorlog van geringe betekenis, maar die produksie het van 5,697,00

pond tot 32,036,00 pond (gewig) in 1944–1945 gestyg. Laasgenoemde syfers het ingemaakte vleis en groente ingesluit, waarvan nagenoeg 15,000,000 blikkies van 'n spesiale rantsoen teen Junie 1944 aan die Britse Regering afgelewer is.

## Buitelandse Handel

Weens die land se afhanklikheid van buitelandse handel kon dit verwag word dat SA nadelig deur die oorlog getref sou word. Oorsese voorrade het gekrimp terwyl gebrek aan skeepsruimte verdere beperkings geplaas het. Verder moes handel wat die vyand kon bevoordeel ook verhoed word, sodat dit noodsaaklik geword het om vroeg reeds beheermaatreëls in te voer, wat hierna behandel word:

**Ekonomiese Oorlogvoering.** Dit was ook SA se plig om in samewerking met ander oorlogvoerende state ekonomiese oorlogvoeringsmaatreëls teen die vyand in te stel, en stappe is onmiddellik geneem om die doel te bereik.

a. **Diviese Beheer.** Beheer oor die land se gouden valutabesit is ingevolge spesiale regulasies vanaf 9 Sep 39 aan die Tesourie opgedra.

b. **Regstreekse Handel.**

i. Die Landsnoodtoestandregulasies het ook geldelike transaksies met vyandelike onderdane sonder die toestemming van die Minister van Finansies en soortgelyke transaksies in goedere sonder die toestemming van die Minister van Handel en Nywerheid verbied. 'n Latere wysiging het laasgenoemde Minister die bevoegdheid verleen om enige handelstransaksie met enige individu buite die Unie te belet of te reguleer. Regstreekse of onregstreekse handel met enige persoon in Duitsland, met inbegrip van enige gebied onder die beheer van die Duitse Regering, sonder die skriftelike toestemming van die Minister van Handel en Nywerheid is tot 'n oortreding verklaar. In Julie 1940, toe Italië 'n oorlogvoerende vyand geword het, is die bepalings van die Regulasies ook op dié land en die gebiede onder sy beheer van toepassing gemaak.

ii. SA het ingelyks in Desember 1940 alle handel met enige persoon in 'n 'beperkte land', omskryf as dié gedeelte van Frankryk en die Franse besittings wat onder die beheer van die Vichy-regering gestaan het, belet.

iii. Teen Maart 1942 het die verbod op handel sonder toestemming feitlik alle ander lande buite die Geallieerde blok ingesluit.

c. **Onregstreekse Handel.** Die Landsnoodtoestandregulasie het verder aan die Minister van Handel en Nywerheid die bevoegdheid verleen om in- en uitvoere te beheer, wat hy natuurlik nie graag weens die ongewildheid daarvan, dadelik wou toepas nie. As ekonomiese oorlogvoeringmaatreëls is daar egter by kennisgewing in Januarie 1940 oorgegaan tot verbod op invoere sonder voorlegging van sertifikate van herkoms, wat deur konsulêre of diplomatieke amptenare geteken moes wees. Sertifikate vir goedere waarvan die waarde 25% van vyandelikemateriaal oorskrei het, is nie aanvaar nie. Netso moes uitvoere uit Suid-Afrika ook onderhewig aan dieselfde beheer geplaas word, in die lig daarvan dat skeepsvragte uit Suid-Afrika andersins deur die Geallieerde Kontrabandbeheer aangehou of verbeurdverklaar sou word.[39]

d. **Handelslyste**

i. Die Britse Regering het drie lyste van handelaars wat met die vyand geassosieer het, bygehou. Die *Statutêre Lys* was 'n gepubliseerde lys van persone en firmas wat definitief van vyandelike nasionaliteit was of met die vyand verbinding gehad het, en met wie alle handel belet is. Die *Swart Lys* was een van persone of firmas van wie dit bekend was of vermoed is dat hulle met die vyand handel gedryf het en ten opsigte van wie dit weens onsekerheid of om politieke of ander redes onwenslik was om hul name op die Statutêre Lys te plaas.

In hierdie gevalle kon slegs administratiewe stappe gedoen word. Die *Lys van Verdagtes* het meer twyfelagtige gevalle bevat wie se transaksies dopgehou moes word. Hierdie lyste en die gevolge van die gebruik daarvan is deur die Unieregering aanvaar, wat die Statutêre Lys derhalwe gepubliseer het en alle handel sonder 'n lisensie met die ingelyste persone verbied het.

ii. Nadat die Unieregering eers 'n tydjie geweifel het, het hy ingestem om 'n stelsel van rantsoenering aan neutrale lande in te stel deur uitvoergoedere tot die hoeveelheid wat normaalweg voor die oorlog uit Suid-Afrika uitgevoer is, of tot 'n gedeelte van 'n afgesproke totaal, te beperk.

iii. Die eintlike werk om invoere en uitvoere na te gaan, is aan die Departement van Doeane en Aksyns en die Poskantoor toevertrou, en dit het 'n moeilike taak geblyk.

e. **Kontrabandbeheer**

i. Die Unie het vanaf Januarie 1940 ook sy deel bygedra tot die toepassing van kontrabandbeheer.

ii. Al die verbygaande skepe wat van en na neutrale lande in Europa gevaar het, is by Uniehawens deursoek om vas te stel of hulle (a) oorlogskontraband of (b) vyandelikeluitvoergoedere of (c) goedere bestem vir persone op die Statutêre Lys, die Swart Lys of die Lys van Verdagtes vervoer het. Goedere wat aan persone op die Statutêre Lys geadresseer was, is verbeurd verklaar, en volle besonderhede van alle goedere wat onder ander kategorieë geressorteer het, is aan die Stafoffisier vir Skeepvaart (Inligting) Kaapstad gestuur. Besonderhede is ook verstrek in verband met (a) goedere in bestelling, dws waar die naam van die ontvanger nie aangegee is nie (met sekere uitsonderings), (b) massagoedere wat onmoontlik volledig ondersoek kon word, en (c) goedere wat nie op 'n vraelys verskyn het nie. Die daaropvolgende stappe is deur die Britse Komitee vir Vyandelikeluitvoer gedoen, en SA het slegs op aanbeveling van die Komitee handelend opgetree en die betrokke vragte verbeurd verklaar. Al die goedere waarop daar op versoek van die Komitee beslag gelê is, is aan die SA pryshowe oorhandig. SA het egter nie self so ver gegaan as om skepe onder alle omstandighede in beslag te neem nie.

iii. Die Unie het op 5 Januarie 1940 die bepalings aanvaar van die Vergeldingsbevel-in-Rade wat in November 1939 deur die Britse Regering uitgevaardig is. Volgens hierdie bevel kon enige handelskip wat na 4 Desember 1939 uit 'n vyandelike hawe of 'n hawe wat deur die vyand beset was, gevaar het, gelas word om alle vragte wat by die betrokke vyandelike hawe ingeneem is, by 'n Britse of Geallieerde hawe af te laai, en enige skip wat uit enige ander hawe gevaar het, kan op dieselfde wyse gelas word om goedere wat vyandelike eiendom of eiendom van vyandelike herkoms was, af te laai. Die betrokke goedere sou dan aan 'n pryshof oorhandig word.

iv. Om die uitwerking van kontrabandbeheer op neutrale lande te verlig, het Groot Brittanje in Desember 1939 die vrygeleidesertifikaatstelsel ('navicert' system) ingevoer. Hierdie stelsel het 'n oorsese verskeper in staat gestel om vooruit 'n sertifikaat te verkry ten opsigte van 'n besending wat, na dit voorgekom het, nie aan beslaglegging daarop as kontraband onderworpe was nie. In Julie 1940 is die verkryging van vrygeleidesertifikate feitlik verpligtend gemaak as verskepers wou hê dat hul goedere deur die kontrabandbeheer deurgelaat moes word. Daar was twee soorte sertifikate, naamlik vrygeleidesertifikate vir spesifieke vragte, en vrygeleidesertifikate wat slegs goedgekeurde vragte vervoer het. By gebrek aan hierdie sertifikate kon die goedere, en moontlik ook die skip wat hulle vervoer het, in beslag geneem word op vermoede dat hul bestemming 'n vyandelike land was.

v. Toe die lande wat deur die vyand beset was, teen die einde van die oorlog bevry is, het die verbod op handeldryf met persone in die betrokke lande outomaties opgehou om van toepassing te wees, maar invoer- en uitvoerpermitte was nog steeds nodig. Lyste van bevryde lande is van tyd tot tyd gepublisheer en die laaste het in November 1946 verskyn. Hoewel die handel met Duitsland beperk gebly het, is die invoer selfs van goedere van vyandelike herkoms uit voormalige neutrale lande toegelaat, en die moontlike vyandelike bestemming van uitvoergoedere het opgehou om 'n faktor van belang te wees aangesien die uitvoerbeperkings nou grootliks verslap was.[40]

## Handel en Skeepvaart

a. **Invoer- en uitvoerbeheer: Aanvangstadium.** Voor die toepassing van algemene invoer- en

uitvoerbeheer in September 1941 was daar, afgesien van die vereistes van ekonomiese oorlogvoering, 'n minimum van staatsinmenging in die land se handel met die buiteland. Aan die begin van die oorlog was die Raad van beheer oor Landsvoorrade wat onder die Departement van Handel en Nywerheid gestaan het, die liggaam wat beheer uitgeoefen het, maar dit was nie lank nie voordat die Departement self hierdie taak oorgeneem het. Die Kabinet het in Desember 1939 besluit om noodmaatreëls vir die beheer van SA uitvoere en -invoere in te stel en die onmiddellike stappe het uitsluiklik op maatreëls in verband met ekonomiese oorlogvoering betrekking gehad, maar volle uitvoer beheer moes so spoedig moontlik ingestel word; invoere sou slegs deur middel van valutabeheer gereguleer word. In werklikheid is algemene uitvoerbeheer egter nie voor September 1941 toegepas nie, toe invoerbeheer ook ingestel is. Intussen is die uitvoer van sekere goedere sonder permit van tyd tot tyd verbied met die doel om SA se voorrade te bewaar en, in 'n paar gevalle, om te verhoed dat hulle langs 'n ompad die vyand sou bereik.

b. **Algemene toepassing van invoer- en uitvoerbeheer**

i. Aangesien dit in toenemende mate geblyk het dat so 'n liggaam noodsaaklik was, is 'n Prioriteitsraad op 17 Julie 1941 in die lewe geroep om 'n stelsel van prioriteitsbepaling vir invoergoedere uit die Verenigde State van Amerika toe te pas. Dit het egter nouliks begin funksioneer toe dit op 20 Augustus deur die Invoer- en Uitvoerbeheerraad vervang is met die bevoegdheid om onder andere die prioriteitsvoorrang vir invoergoedere uit alle lande voor te skryf. Die uitvoerende gesag is aan die Sekretaris van Handel en Nywerheid toevertrou, wat die ampstitel Kontroleur van Invoer en Uitvoer gekry het. Kort daarna is die Sentrale Adviserende Raad benoem om as skakel tussen die Beheerraad en die georganiseerde handel en nywerheid op te tree en om die Beheerraad van tegniese advies te bedien.

ii. Invoerbeheer is onmiddellik daarna en wel met ingang van 15 September ingestel wat aangekondig het dat geen goedere sonder 'n invoerpermit na die Unie of Suidwes-Afrika ingevoer kon word nie. Produkte wat in die Britse Statebond verbou, geproduseer of vervaardig is, asook 'n paar minder belangrike kategorieë, is egter uitgesluit.

iii. Algemene uitvoerbeheer, waarop daar reeds in Mei besluit is, maar wat uitgestel is met die doel om te sien hoe sake met die Prioriteitsraad sou vaar, is tegelykertyd by Goewermentskennisgewing Nr 1269, ingestel.

c. **Noodsaaklikheidsertifikate**

i. Om invoerders met die verkryging van goedere wat skaars was, behulpsaam te wees, het die Departement van Handel en Nywerheid reeds in Novemeber 1939 'n aanvang gemaak met die uitreiking van sertifikate wat vir die noodsaaklike aard van die gewenste goedere ingestaan het. Die besit van so 'n sertifikaat is later verpligtend gemaak, en na die instelling van invoerbeheer is dit benewens die invoerpermit vereis.

ii. In die geval van invoere uit die Gemenebeslande, was geen permitte nie maar wel noodsaaklikheidsertifikate nodig.

d. **Uitvoerpermitte**

i. Geen permitte is in die geval van goedere wat na die Verenigde Koninkryk, Noordlerland, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Indië of na enige kolonie, besitting, protektoraat of mandaatgebied uitgevoer is, verlang nie behalwe in die geval van bogenoemde goedere waarvan die uitvoer sonder 'n permit reeds vantevore verbied is.

ii. Alhoewel die uitvoer na naburige gebiede in Afrika aan die permitstelsel onderworpe was, het Suid-Afrika op die uitdruklike versoek van die Eerste Minister met die gebiede in Suidelike en Sentraal-Afrika, en veral Noord- en Suid-Rhodesië, Portugees-Oos-Afrika, Angola en die Belgiese Kongo, 'n beleid van 'vriendelike buurskap' gevolg, en spesiale stappe is gedoen om te verseker dat die beleid konsekwent deur die kontroleurs toegepas is. As gevolg van die oorlogstoestande het hierdie gebiede, wat voorrade betref, in

toenemende mate van die Unie afhanklik geword, en waar dit nie moontlik was om ten volle in die behoeftes van die betrokke gebiede te voorsien nie, is daar gelas dat die grootste hoeveelheid van die verlangde goedere wat wel verskaf kon word, daarheen uitgevoer moes word.

iii Prysbeheer het oorspronlik nie uitvoergoedere gedek nie, maar dit is in September 1942 ook daarop van toepassing gemaak aangesien die hoër pryse wat buitelandse invoerders gevra kon word om vir Uniegoedere te betaal, maklik tot 'n uitputting van die Unie se voorrade kon gelei het.

e. **Stelsel van Beheer**

i. Kort nadat algemene invoer- en uitvoerbeheer ingestel is, is die stelsel van Kontroleurs van Verbruikersgoedere (Commodity Controllers) in die lewe geroep en daarna moes aansoeke om permitte eers aan die kontroleur van die betrokke artikels voorgelê word. Sy aanbevelings het na die Invoer- en Uitvoerafdeling van die Departement van Handel en Nywerheid gegaan waar die nodige permitte dan uitgereik is, maar na die aanstelling van die Direkteur-generaal van Voorrade op 1 Februarie 1943 moes dit na die betrokke afdeling van die Direktoraat van Verbruiksvoorrade (Commodity Supply Directorate) gestuur word. Aangesien die verskaffingsowerhede in Groot-Brittanje en die Verenigde State nie bereid was om hulle met klein hoeveelhede te bemoei nie, is handelaars wat klein hoeveelhede nodig gehad het, versoek om hul bestellings deur groot invoerders te plaas of om dit deur die betrokke Adviserende Raad of Span, wat die Kontroleur uit verteenwoordiger van die handel saamgestel het om hom behulpsaam te wees, vir voorlegging aan die Kontroleur te laat kombineer.

ii. Van 1942 af is uitvoerbeheer in Groot-Brittanje en die Verenigde State van Amerika heelwat strenger toegepas. Militêre behoeftes het al hoe dringender geword en as gevolg daarvan het die skaarste aan materiale en die afname in produksiekapasiteit 'n verdere tekort aan benodigdhede veroorsaak.

iii. Die mate waarin aansoekers vir invoerpermitte in aanmerking kon kom, is oorspronklik deur die omvang van hul invoer in 1939 bepaal – die doel hiervan was om te verseker dat nuwelinge nie om die verminderde voorrade sou meeding nie. Om verskeie redes is uitsonderings egter gemaak, en in Augustus 1943 is 'n aansoeker se invoer tussen 15 September 1941 en 31 Januarie 1943 die grondslag gemaak van die hoeveelheid waarop hy geregtig was. Verskillende kontroleurs het egter verskillende maatstawwe toegepas.

f. **Verslapping van invoer- en uitvoerbeheer**

i. Vanaf die tweede helfte van 1944 toe die Geallieerdes met hul inval in Frankryk 'n goeie houvas gekry het, is die aandag aan maatreëls geskenk wat getref moes word om invoerbeheer te verslap. Dit kon egter slegs geleidelik gedoen word en het eers die vorm van die ruimer toekenning van invoerpermitte en groter toegewendheid in die prioriteitsbepaling aangeneem. Noodsaaklikheidsertifikate was egter nog nodig om vragte op die Verskepingsregister van die Hoë Kommissaris geplaas te kry, wat 'n voorvereiste vir verskeping was.

ii. Die Tesourie was ten gunste van verslapping om die gevaar van *inflasie* te bestry.

iii. Die eerste definitiewe stap in die rigting van die algehele afskaffing van beheer was die publikasie in Augustus 1945 van 'n lang lys artikels wat sonder invoerpermitte en, in die geval van sterlinglande, sonder noodsaaklikheidsertifikate verkry kon word, en in September is beheer, behalwe in die geval van 'n gepubliseerde lys van goedere, eindelik afgeskaf.[41] Invoerbeheer was egter 'n beleidsmaatreël wat in die na-oorlogse jare van vinnige opbloei en gevolglike sporadiese tekorte op die betalingsbalans weens groter invoere, 'n besondere rol moes bly speel om enigsins betalingsbalansewewig op die duur te kon behou.[42]

## Verkryging

a. **Suid-Afrika-huis, Londen**

i. Die Kantoor van die Hoë Kommissaris in Londen was in vredestyd feitlik die alleenagent vir die verkryging van staatsvoor-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 13, Nr 2, 1983. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

rade uit bronne buite SA. Selfs waar kontrakte deur SA se verteenwoordigers in vreemde lande bestee is, is hulle deur die Londense kantoor finaal goedgekeur en daar betaal.

ii. Na die ineenstorting van Europa het die VK al sy hulpbronne egter nodig gehad vir die voortsetting van die oorlog. SA moes hom dus tot die VSA wend en gevolglik 'n spesiale agentskap daar stig ten einde oorlogsbenodigdhede te verkry, en nie lank daarna nie het dit ook noodsaaklik geword in verband met die verkryging van nie-militêre goedere.

iii. Die VK het nietemin 'n belangrike bron van allerhande soorte voorrade gebly, maar geen spesiale organisasie is in Londen in die lewe geroep nie. Die Voorrade- en Skeepvaartafdeling van die Kantoor van die Hoë Kommissaris wat hom in die vredestyd met regeringsbehoeftes besig gehou het moes gedurende die oorlog ook die ontsaglik-vermeerderde bestellings vir die staat en die privaatsektor behartig. Een van die belangrikste van al die verskillende take was om druk uit te oefen in belang van Suid-Afrika se aanspraak om die toekenning van skeepsruimte en die toewysing van beskikbare skeepsruimte vir goedere wat die dringendste nodig was. Al hierdie werk moes verrig word met 'n personeel wat aansienlik verswak is as gevolg van die verlies aan plaaslik- gewerfde opgeleide werkkragte wat opgekommandeer is of vir ander oorlogsdienste nodig was. Tog is dit reggekry, hoewel dit dikwels baie groot inspanning vereis het.

b. **Aankoopsendings in die VSA.** SA het 'n spesiale voorradeorganisasie in die VSA ingestel. Hierdie liggaam het sy oorsprong gehad in 'n aankoopsending wat onder die gesant in Washington gewerk het, en wat in Junie 1940 deur die Direkteur-generaal vir Oorlogsvoorrade na die Verenigde State gestuur is om die verkryging van oorlogsvoorrade te bevorder. Dit is in Augustus 1941 deur die Suid-Afrikaanse Aankoopkommissie (SA Purchasing Commision (Sapurcom) opgevolg wat 'n statutêre agentskap was wie se status teenoor die van die gesant in Washington en die verskeie liggame in SA wat bestellings in die VSA geplaas het, steeds taamlik vaag gebly het. Aangesien dit hoofsaaklik om hierdie redes onbevredigend geblyk het, is die Kommissie in April 1942 deur die Suid-Afrikaanse Staatsvoorradesending vervang. Hierdie liggaam is bygestaan deur 'n personeel waarvan die lede van reeds bestaande organisasies oorgeneem is en het tot aan die einde van 1946 gefunksioneer. Dit het op baie doeltreffende wyse opgetree in verband met die gedurig veranderende ingewikkeldhede van die Amerikaanse verkrygings- en uitvoerstelsel wat deur 'n menigte regeringsagentskappe en onderagentskappe bestuur is. Soos in die geval van Groot-Brittanje het die tekort aan skepe die moeilikhede ontsaglik vermeerder. Bestellings wat in Kanada geplaas is, is met die samewerking van SA se gemagtigde verteenwoordiger in Ottawa behartig. In ander lande waaruit SA goedere ingevoer het, hoofsaaklik Indië en die Suid-Amerikaanse republieke, het handelsverteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Regering die nodige werksaamhede in hierdie verband onderneem.

c. **Programopstelling.** Vanaf 1941 was dit een van die belangrikste take van die Suid-Afrikaanse Verkrygingsorganisasie om vooruitprogramme wat aangevra is, op te stel. Dit is opgevolg deur versoeke van die kant van ander agentskappe in die Verenigde State wat opgawes in verband met 'n verskeidenheid van materiale en goedere vir ander tydperke verlang het. Geen syfers in verband met die benodigde hoeveelhede was beskikbaar nie en 'n spesiale organisasie is derhalwe in die lewe geroep om die vereiste inligting in te samel en behoorlik op te stel. In Junie 1942 is 'n Ekonomiese Sending uit die Verenigde State van Amerika na Suid-Afrika gestuur en gedetailleerde syfers van die lande se voorrade en behoeftes is daaraan verstrek, maar die versoeke om verskillende syfers het voortgegaan. In Desember het hulle as gevolg van samesprekings met die verskillende buitelandse agentskappe vorm R.B.I. opgestel. Hierdie vorm het vir omstandighede gegewens in verband met voorrade, plaaslike verbruik en produksie, uitvoer, invoerbehoeftes vir 'n bepaalde tydperk en die eindgebruik daarvan voorsiening gemaak en het daarna die stereotiepe vorm vir benodigdhede uit Amerika geword, maar dit het nie altyd aan al die vereistes ten opsigte van die verlangde besonderhede van die verskillende Amerikaanse agentskappe voldoen nie.

Programme is op die bestelling van invoerders gebaseer soos deur die betrokke kontroleur goedgekeur, dws nadat die bestellings vir die noodsaaklikheid daarvan ondersoek is en, indien nodig, binne die voorgeskrewe persentasie van die invoerders se invoer vir 1939 of binne enige ander toepaslike perke gebring is.

In Junie 1942 is die Gekombineerde Produksie en Hulpbronneraad gevorm wat uit verteenwoordigers van die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State en Kanada bestaan het. Aan hierdie liggaam is die taak opgedra om 'n opname van die Geallieerdes se hulpbronne en behoeftes ten opsigte van goedere te maak en om aanbevelings vir die toekenning van die beskikbare voorrade aan die aansoekerlande te doen. Die hoofdoel was om die bydrae wat die Verenigde State tot die benodigdhede van die ander Geallieerde lande moes maak, vas te stel. Suid-Afrika is gevra om programme van sy benodigdhede op te stel; die programme is deur die Statebondvoorraderaad in Londen ondersoek en daarna aan die Hoof-statebondvoorradekomitee in Washington vir voorlegging aan die Gekombineerde Produksie- en Hulpbronneraad deurgestuur.

Die betrokke owerhede in hierdie lande het daarna die beskikbare voorrade vooruit vir wisselende tydperke toegeken met behoorlike inagneming van die aanbevelings van die Gekombineerde Produksie- en Hulpbronneraad. Aansienlike toekennings van tekstielstowwe wat in Indië geproduseer is, is op hierdie wyse aan Suid-Afrika gemaak.

d. **Beperking en beëindiging van bruikleen**

i. Bruikleen het in 1942 op dreef begin kom, maar die beleid om die bestek daarvan te beperk, het eerlank op die voorgrond getree. Van die begin van 1943 af het daar voortdurende besprekings tussen SA en die VSA se owerhede plaasgevind. Die Departement van Buitelandse Sake van die VSA het in die loop van hierdie besprekings die vraagstuk van kontantbetaling deur Suid-Afrika vir alle voorrade, en meer bepaald, vir nie-militêre goedere, te berde gebring.

ii. SA was geneë om die voorstel te aanvaar. Die Britse Regering het egter as die vernaamste lid en voog van die sterlingblok die beginsel gehandhaaf dat dit teenstrydig met die hele valutastruktuur van die sterlinggebied se deviesebeheer was om aan te neem dat enige lid 'n spesifieke aantal dollars vir aankope in die Verenigde State tot sy beskikking kon hê, en nadat hy geraadpleeg is, het hy beswaar teen die voorstel gemaak. Die VSA het nietemin meegedeel dat oorlogsvoorrade en regstreekse militêre benodigdhede met ingang van 13 Maart 1943 onder die bruikleenstelsel gelewer sou word, maar dat noodsaaklike burgerlike en onregstreekse militêre benodigdhede sover moontlik deur die gewone kommersiële kanale, of, so nie, onder die bruikleen-kontantbetalingskema verkry moes word.

iii. Samesprekings oor wedersydse hulp is gevoer, en die VSA het aanhoudend daarop aangedring dat SA vir alle voorrade kontant moes betaal. Die Departement van Buitelandse Sake van die VSA het uiteindelik SA in kennis gestel dat alle transaksies in verband met wedersydse hulp tussen die twee regerings met ingang van 15 Februarie 1944 deur kontantbetalings in albei rigtings gefinansier sou word.

iv. Bruikleen is onmiddellik na V-dag in September 1945 deur die President beëindig en daarna is onderhandelings vir die vereffening van die skulde van die Geallieerdes op tou gesit. Uiteindelik is daar tot 'n ooreenkoms met Suid-Afrika geraak oor die betaling van 'n som van $100.000,000 of R50,000,000. Die Unie het uitdruklik afstand gedoen van eise ten opsigte van hulp wat deur hom verleen is en waarvan die waarde op $885,000 geskat is, terwyl die VSA nie geëis het dat enige goedere wat onder die bruikleenstelsel gelewer is, teruggegee moes word nie.

## Voedsel en landbou

Soos reeds genoem was die landboubedryf onderhewig aan heelwat beperkings, veral die wisselvallige reënval en die wêrelddepressie van 1929–32 gekombineer met die droogtes van 1932–33 het die boerebevolking nadeliger as die ander sektore geraak. Die Bemarkingswet

van 1937 is dus aanvaar om beheerskemas daar te stel wat pryse vir hul produkte op 'n lonender basis kon stabiliseer, terwyl die Nasionale Bemarkingsraad die verskillende skemas moes koördineer en die Minister daaroor moes adviseer.

Met die uitbreek van die oorlog het Bemarkingsrade, wat kragtens die Wet vir koring, mielies, suiwelprodukte, vleis en lewende-hawe-produkte, tabak en geroogde vrugte gestig is, reeds gefunksioneer. Boonop het die Koöperatiewe Wynbouersvereniging kragtens Wet die verkoop van wyn vir stokerye beheer, en die Suikerbeheerraad die produksie en verkoop van suiker ingevolge die Suikerwet van 1936 gereël.

Die werk van al die rade is as nodige maatreëls beskou om met 'oorskotte' op die binnelandse mark te handel en elke raad het beheer uitgeoefen oor produkte waarvoor die binnelandse mark belangriker was as die uitvoermark. Suiker was egter die uitsondering. In dié geval het uitvoer 'n aansienlike gedeelte van die oes opgeneem, maar dit was deur internasionale ooreenskoms beperk en dus het die beheerrade volgens 'n produksiekwotastelsel gewerk. Daar was geen beheerrade vir die hoofprodukte wat spesiaal vir uitvoer gekweek is soos wol, sitrus en sagtevrugte, hoewel die wolboere 'n Adviserende Wolraad gehad het en die Sitrusbeurs in die bemarking van sitrusvrugte 'n oorheersende posisie ingeneem het.

Tekorte aan belangrike voedselbenodigdhede gedurende die Eerste Wêreld-oorlog het aanleiding gegee tot 'n doelbewuste beleid van stimulering tot selfversorgendheid daarna. Die toepassing van hierdie beleid was tot so 'n mate suksesvol dat Suid-Afrika in die betreklik kort tydperk van 'n netto-invoerland tot 'n netto-uitvoerland van belangrike voedsel- en landbouprodukte op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog verander het. Hierdie beleid het dus via Bemarkingswet en ander hulpskemas die vraagstuk van surplusse laat onstaan, wat egter tydens die oorlog agv die toenemende vraag daarna tydelik verlig is.

Die versteurende uitwerking van die oorlog op die landboubedryf was grootliks die verlies aan buitelandse markte in Europa na die uitbreek van die oorlog en die afname van beskikbare skeepsruimte daarvoor, terwyl kostestygings en skaarstes aan benodigdhede soos uitrusting en misstowwe, droogtes en plae soos die kommandowurm ook misoeste en laer produksie meegebring het. Daarenteen het verbruikersvraag oor die hele tydperk toegeneem soos ekonomiese aktiwiteite toegeneem en meer konvooie en vlugtelinge van voedsel voorsien moes word, sodat die hele vraag-aanbodposisie met betrekking tot voedselproduksie 'n wesenlike verandering ondergaan het.

Wat landbou-uitvoere betref kan die belangrikste kommoditeite in twee groepe verdeel word:

a. Produkte waar die grootste probleem die uitvoer van surplusse was, soos wol, huide en velle, sagte vrugte, sitrusvrugte en suiker.

b. Produkte wat in genoegsame of byna genoegsame hoeveelhede geproduseer was, maar waarin latere tekorte ontwikkel het. Sommige hiervan was egter tydens die oorlog soms in surplus wat uitgevoer kon word. Hieronder ressorteer mielies, koring, suiwelprodukte, vleis en aartappels.

Wat wol betref, het Brittanje aanvanklik slegs die skeersels van Australië en Nieu-Zeeland geneem, maar later tog ingestem om ook die Suid-Afrikaanse skeersel in totaal op te koop, sodat die bemarkingsprobleme in die verband opgelos is. Huide en velle wat nie meer in Europa verhandel kon word nie, is hoofsaaklik na die VSA gekanaliseer, terwyl 'n aansienlike gedeelte ook in die plaaslike mark deur die groeiende skoeiselbedryfstak opgeneem is.

Die sagtevrugte en sitrusvertakkings het die grootste probleme van alle landbouvertakkings met buitelandse afset ondervind, daar dit gerig was op 'n uitvoermark na die VK en Europa wat weens die oorlogsituasie geheel en al verval het. Die Britse owerheid het die invoer van vrugte as 'n luukse beskou, maar was tog bereid om dit in gedroogde of verwerkte vorm in te voer. Die sagtevrugte, gedroogde vrugte- en sitrusrade is derhalwe in die lewe geroep om die produksie- en bemarkingsaspekte te hanteer. Oplossings vir die surplusproduksie is verkry oa deur binnelandse verwerking en verder deur alternatiewe markte binne- en buitelands te ontgin. Vrugte is op die plaaslike mark en in aangrensende gebiede, aan hospitale en skole, ens verkoop, en wat nie vars verkoop kon word nie is in fabrieke verwerk of gedroog. Met die toename in werkverskaffing en koopkrag in SA was dit nie onoorkomelik om groter hoeveelhede vars- en verwerkte vrugte binnelands te bemark nie. Groter hoeveelhede vars lemoene is wel uitgevoer, maar die bemarking van surplus pomelos en ander

sitrusvrugte het groter probleme geskep. Suikerproduksie het geen bemarkingsprobleme ondervind nie omdat Brittanje bereid was om alle SA suikeruitvoere gedurende die oorlog, wat 'n gemiddelde van ongeveer 40 000 ton per jaar beloop het, op te neem.

Wat grane betref was mielies by verre die belangrikste produk, waarvan die produksie en bemarkingsreëlings deur die Mielieraad beheer is. As gevolg van die wisselvallige klimaatstoestande het die sporadiese surplusse wat ontstaan het, nie groot afsetprobleme geskep nie. Inderdaad het die uitvoere afgeneem vanweë groter binnelandse verbruik sowel as swak oeste gedurende sommige oorlogsjare. Koringproduksie was ten spyte van doelbewuste pogings tot selfversorgendheid, nog nie genoegsaam vir binnelandse verbruik nie, en beheer daaroor is deur die Voedselbeheer-organisasie waargeneem. Streng beperkings is bv geplaas, en geen witbrood is toegelaat nie. Hoewel plaaslike koringproduksie veral gedurende die laaste drie oorlogsjare heelwat toegeneem het, was toenemende koring-invoere nog steeds nodig, dog skeepsruimte het 'n knelpunt gebly, sodat beperkende maatreëls tot na die oorlog bly voortbestaan het.[44]

Wat voedsel- en prysbeheer betref, het die Departement van Landbou deurgaans 'n belangrike rol gespeel. Na die uitbreek van die oorlog is 'n Kabinetsvoedselkomitee ingestel om die voedselposisie dop te hou en regeringsbeleid ivm produksie, uitvoer, pryse en subsidies waar te neem. Kragtens die Landnoodtoestandregulasies is die Nasionale Voorsieningsraad ingestel wat onder andere ook met die reëling van voorrade en pryse van landbouprodukte magte verkry het. Die Raad het egter in noue samewerking met die Department van Landbou en die bemarkingsrade gewerk, sodat die werklike beheer in die Departement gesetel het.

In Oktober 1942 is 'n pryskontroleur aangestel, tog het die Minister van Landbou soos tevore met die beheer van pryse van landbouprodukte voortgegaan. Die pryskontroleur het waar pryse nie deur 'n raad gereël is nie, groothandel- en kleinhandelpryse vir geproduseerde voedsel soos vleis en melk voorgeskryf. Die Minister van Handel en Nywerheid onder wie se beheer die suikernywerheid altyd geval het, het suikerpryse vasgestel wat daarna deur die pryskontroleur toegepas is. In Maart 1942 is dit raadsaam geag om 'n kontroleur spesifiek vir voedselvoorrade aan te stel. Die pos is deur die Minister van Landbou waargeneem met die Sekretaris van Landbou as sy gevolgmagtigde plaasvervanger. Verbruikers het egter gekla dat die beheerrade onder beheer van die Departement van Landbou te veel op produsentebelang toegespits was en verbruikersbelang negeer het, en na wyer klagtes ook van die handel, is 'n kontroleur afsonderlik vir voedselvoorrade in 1944 ingestel. Tog was die oorhoofse beheer nog in die hande van die Minister en Dept van Landbou. Rantsoenering van voedsel is gedurende die oorlog nie op die verbruikers afgedwing nie, dog 'n billike verspreiding is aangemoedig deur groot- en kleinhandelaars te rantsoeneer en te verwag dat hulle dit weer aan hulle klandisie moes oordra. Aangesien verbruikers nie van een kleinhandelaar afhanklik was nie, was die doeltreffendheid daarvan natuurlik beperk, en verbruikers met laer inkomste het dit dikwels moeilik gevind om die benodigde essensiële voedsel te bekom. Nogtans het die toestand nooit so verswak dat rantsoenering as dringend geag is nie.[45] In 'n veelrassige bevolking is die rantsoeneringsposisie uiteraard moeilik: die verskillende verbruikgewoontes van die verskillende lae en rasse maak dit uiters moelik om 'n gelyke skaal vas te stel. 'n Algehele registrasie van huis tot huis, wat nodig sou gewees het kon noit uitgevoer word nie weens die trekgewoontes van sommige van die swart seksies.

## Binnelandse vervoer

Wat betref binnelandse vervoer het die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (wat sy Padmotorvervoerdienste, die SA Lugdiens en selfs SAS-skepe ingesluit het) en die Departement van Vervoer die dominante rol beklee. By die uitbreek van die oorlog was die Spoorwegadministrasie die grootste enkele organisasie in die land en die onderhoud van sy vervoerdienste 'n fundamentele noodsaaklikheid. 'n Ernstige probleem was die verkryging van die groot hoeveelhede noodsaaklike uitrusting en vervangingsmateriaal vanuit die buiteland.

Die oorlogsjare het 'n fenomenale toename in Suid-Afrika se nywerheidsontwikkeling teweeggebring wat weerspieël is in agtereenvolgende jaarlikse rekordpeile ten opsigte van spoorweginkomste, troklading, goederetonnemaat vervoer, lokomotiefmylafstande en passasiersreise – alles sonder 'n ooreenstemmende toename in lokomotieftrekkrag en rollende materiaal. Inteendeel, daar was twintig lokomotiewe minder in diens in 1942–43 as in 1938–39 en geen addi-

sionele lokomotiewe is verkry nie tot laat in 1944, hoewel die bestelling reeds in 1941 in die VK geplaas is. Beperkings op passasiersverkeer, inkorting van hooflyndienste en afskaffing van passasierssneltreine, 'n toeslag van 10 persent op alle reisgelde, strawwe vir besprekings wat nie gebruik is nie, ens was pogings om passasiersreise ten gunste van goederevervoer te besnoei. Ten spyte van hierdie pogings het die getal passasiersreise egter rekordpeile bereik, terwyl die inkomstelewerende tonnemaat goedere wat vervoer is, ook jaarliks toegeneem het. Steenkoolvervoer het byvoorbeeld van 13,7 miljoen ton in 1938–1939 tot 20,5 miljoen ton in 1945–1946 toegeneem. Die vervoer van steenkool, mangaan, chroom, koper- en ystererts na die hawens vir uitvoer het voorrang geniet en 'n streng stelsel van trokbeheer het daartoe bygedra dat die groter verkeer gehandhaaf kon word sonder noemenswaardige vermeerdering van rollende materiaal.

Die Padmotorvervoerdiens van die SA Spoorweë het ook 'n belangrike bydrae gedurende die oorlogsjare gelewer, gesien in die lig van die uitgestrektheid van die land en die beperkte spoorwegnetwerk, waardeur openbare vervoer aldus van die spoorwegterminusse na plattelandse gebiede uitgebrei is wat andersins hierdie fasiliteite sou moes ontbeer. Ingelyf by die hoofspoorwegstelsels was daar aldus 112 gebiede wat deur die padmotorvervoerafdeling bedien is. Alle pogings is aangewend om hierdie dienste doeltreffend in stand te hou, onder meer deur ongereg-verdigde dienste te verminder en toevoerdienste te vermeerder. Die UVM was die Spoorweë ook behulpsaam deur voertuie waar nodig, te leen om misstowwe en seisoenoeste soos koring en mielies te vervoer. Benewens eie herstelwinkels waar selfs voertuigbakke op ingevoerde onderstelle gebou is, het die motornywerheid en die Kamer van Mynwese se werkwinkels ook waardevolle hulp verleen. Derhalwe kon die getal passasiers sowel as goedere gedurende 1939–1945 deur die padmotordienste hanteer, meer as verdubbel word.[46]

**Suid-Afrikaanse Lugdiens.** In 1939 het die Lugdiensdepartement van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens nege-en-twintig vliegtuie in bedryf gehad. Toe die oorlog uitbreek, is agtien vliegtuie en 22 persent van die Lugdienspersoneel onmiddellik na die UVM oorgeplaas vir militêre doeleindes. Kerndienste het voortgegaan totdat Italië tot die oorlog toegetree het waarna alle handelslugdienste opgeskort en die hele lugdiensorganisasie as 'n eenheid in die UVM opgeneem is.

Wanneer die bydraes van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens tot die land se oorlogspoging deur instandhouding van die noodsaaklike vervoerdienste in SA bepaal word, moet in gedagte gehou word dat hierdie ontsaglike las deur 'n uitgedunde personeel gedra is, aangesien groot getalle spoorwegbeamptes hulle vrywillig aangemeld het vir aktiewe diens. Die Spoorwegpolisiemag wie se getalle ook uitgedun was, moes notgans dag en nag waghou by kwesbare plekke in die spoorwegstelsel en by die hawens. In 1941–1942 en weer in 1944–1945 het droogtetoestande in Suid-Afrika die vervoer van vee van die droogte-geteisterde gebiede en later weer terug daarheen genoodsaak. Andersyds het die groot industriële ontwikkeling van die Unie die invoer van masjinerie vir fabrieke, myne, kragstasies en ander ondernemings (sommige waarvoor spesiale trokke gebou moes word) noodsaaklik gemaak.

**Die Departement van Vervoer.** Die Departement is op 23 Oktober 1943 onder jurisdiksie van die Minister van Spoorweë in die lewe geroep, met die oog daarop om die administratiewe en uitvoerende werk in verband met die talle bestaande liggame wat gemoeid was met vervoer, te behartig. Tot op daardie stadium was motorvervoer kragtens die Motortransportwet van 1930 onder beheer van die Sentrale Padvervoerraad, en nadat 'n vervoerkoördinasiekomitee aanvanklik ingestel is, is besluit om die Nasionale Padvervoerraad in te stel; 'n uitvoerende liggaam met bevoegdheid aan hom gedelegeer deur die Minister van Spoorweë. Langs hierdie weg is 'n poging aangewend om die gebruik van motorvervoer te reguleer deur dit in die volgende kategorieë in te deel:

a. Staatsdepartemente;
b. Provinsiaal en Munisipaal;
c. Publieke Passasiersvervoer;
d. Goederevervoer;
e. Handel en Boere
f. Motors in private besit. Die Nasionale Padvervoerraad het stappe gedoen om beheer uit te oefen oor die eerste drie groepe deur maatreëls soos die instelling van 'n aandklokreëling na 10 nm, minder dienste en minder bushaltes ens; die groepe onder (d) en (e) is gevra om vrywillig stappe te doen om hul vervoer te rasionaliseer (deur aflewerings te verpoel en te beperk), anders sou die Nasionale Padvervoerraad optree;

terwyl die private motoris deur petrolrantsoenering gekontroleer sou word. 'n Nasionale Register van Voertuie is opgestel wat die volume vervoer weerspieël het van die verskillende nywerhede, bedrywe, groepe ondernemers en individue. Die Raad het ook 'n landswye publisiteits- en propagandaveldtog van stapel gestuur onder die slagspreuk: 'Bespaar Vervoer'.[47]

## Buitelandse vervoer – skeepvaart

Weens die ligging van Suid-Afrika het daar ten spyte van die afgeleënheid van die oorlogstoneel, tog 'n ontsaglike toename in skeepsverkeer om die Kaap ontstaan. As gevolg van die sluiting van die Middellandse See moes troepe en krygsbehoeftes vir die oorlogstoneel in Noord Afrika om die Kaap gestuur word en is skepe wat in normale tye deur die Suezkanaal na die Verre Ooste gevaar het, ook gedwing om dieselfde roete te volg. Die Kaapse hawens het dus 'n sleutelstelling vir die bevoorrading, bunkering en herstel van skepe in konvooi of andersins geword.

Die eerste oorlogstydse skeepvaartprobleem was hoe om genoeg skeepsruimte vir al die uitvoergoedere, hoofsaaklik steenkool, met bestemming na die Ooste, en wol, mielies, vrugte, mangaan- en chroomerts na Europa en Noord-Amerika, te verkry. Die hoeveelheid steenkool wat hanteer is, het dermate afgeneem dat die myne 'n vermindering van produksie in die gesig gestaar het. Wol en mielies het in die hawens opgehoop en binnelandse bêreplekke was vol goedere wat op vervoer gewag het. Hoewel dit paradoksaal klink, het die besetting deur Duitsland van Wes-Europese lande SA se skeepsprobleme in verband met uitvoer verlig, want nou was daar geen sprake meer van verskeping van die goedere na die betrokke lande nie. Eweneens het invoerbeperkings deur die VK ingestel uitvoere daarheen laat afneem, terwyl die vergrote binnelandse vraag na landbouprodukte die SA uitvoeroorskotte laat krimp het. Daarenteen het die moelikhede in verband met die verkryging van skeepsruimte vir invoerdoeleindes aangegroei aangesien 'n aansienlike gedeelte van Suid-Afrika se uitvoerprogram daarop gemik was om in die behoeftes van die Oosterse Groep-lande te voorsien terwyl invoergoedere hoofsaaklik uit die VK of VSA verlang was. Nogtans is skeepvaart na en van Suid-Afrika gedurende die eerste twee en 'n half jaar van die oorlog goed gehandhaaf, want die Britse uitvoer was spesiaal op SA gemik terwille van sy goud, terwyl Amerikaanse handelslui ook die SA mark vanweë die gunstige kontanthandel betree het. Die tydperk waarin die tekort aan skeepsruimte op sy ergste was, het van die begin van 1942 tot die middel van 1943 geduur, en is deur die toetrede van die VSA tot die oorlog, die groeiende suksesse van die Duitse duikbote en die stadigheid van die Geallieerde konvooie, sowel as deur die geallieerde veldtogte in Noord-Afrika en ander minder belangrike oorsake teweeggebring. Besuiniging het van die allerhoogste belang geword, beide in dié opsig dat slegs noodsaaklike goedere verskeep is en dat die allerbeste gebruik gemaak moes word van die beskikbare skepe om die goedere te vervoer. Met behulp van invoerbeheer, toekenning van prioriteite en uitreiking van noodsaaklikheidsertifikate is gepoog om die probleem te verlig. Met die doel om die krisis in die skeepvaart van die middel van 1942 die hoof te bied, is in Junie 1942 'n Binnebeheerkomitee in die lewe geroep om finaal tussen die mededingende eise om skeepsruimte te besluit. Deur onmiddellik oorheersende prioriteitsertifikate uit te reik, was die komitee in staat om in die dringendste behoeftes te voorsien.

Ten spyte van tekorte aan skeepsruimte vir die SA handel het toenemende getalle skepe die SA hawens besoek, tot so 'n mate dat in 1942–1943 nog 8 284 handelskepe en 700 vlootskepe hier aagedoen het. Meeste van hulle was op pad na bestemmings verderaan, en die vragte wat hulle vir die SA handel vervoer het, is net gelaai om die skeepsruimte vol te maak. Desnieteenstaande moes almal van aanlêplekke, bunkering en voorrade voorsien word, wat groot eise aan die SA hawens gestel het. Veral nadat die Middellandse See vir Geallieerde skeepvaart gesluit is, het die skeepvaart om die Kaap dienooreenkomstig toegeneem en gemiddeld 60 persent van hierdie skepe het herstelwerk nodig gehad. Groot herstelwerk en opknappings moes dus ook in die SA hawens onderneem word. Om die steeds toenemende hoeveelheid werk die hoof te bied is alle SA hawesfasiliteite uitgebrei, en onder andere die Duncan en Sturrock-droogdok en die Kaapse hawe gebou. Nogtans was droogdokfasiliteite onvoldoende, en hoewel ambagsmanne van die binneland tydelik hierheen verplaas is, het geskoolde arbeidstekorte ook 'n knelpunt gevorm. Tog is daar ten spyte van hierdie probleme rekordgetalle skepe in SA hawens herstel, met 'n weeklikse gemiddeld van twee-en-sestig gedurende die drukste tydperk.[48]

## Die arbeidsmark en werkkragte

Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark was vooroorlogs betreklik bestendig met die Nywerheidsversoeningswet en die Loonwet wat betrekkinge tussen werkgewers en werknemers betreffende lone en diensvoorwaardes in betreklike vryheid van owerheidsinmenging gereël het. Met die uitbreek van die oorlog het die toestand van die arbeidsmark sodanige verander dat 'n sekere mate van beheer nodig geword het. Die probleem was dat 'n groot gedeelte van die normale werkkragte opgeëis is deur die gewapende magte sowel as die nywerhede wat vir oorlogproduksiedoeleindes moes uitbrei, en die groot reserwe aan ongeskoolde swartes kon nie die plek van die geskoolde werkkragte wat weggetrek is, inneem nie.

Die oorlogstydse beheer oor die arbeidsmark wat aldus nodig geword het was dus in stryd met die normale gebruik en die owerheid moes dit noodwendigerwys met groot omsigtigheid invoer. Die Eerste Minister het in September 1939 reeds met verteenwoordigers van die vakbonde en arbeidsliggame samesprekings oor hierdie vraagstukke gevoer en hulle lede het toegestem om waar nodig, beheer vir die duur van die oorlog te aanvaar en hulle samewerking te verleen. Sodoende het die verhouding tussen georganiseerde arbeid en die owerheid dwarsdeur die oorlog op gesonde voet gebly, en ten spyte van klein stakings en werkonderbreking deur anderskleurige werkers, het die blanke werkers as georganiseerde arbeid nooit tot 'n staking oorgegaan nie.

Na aanleiding van vroeë arbeidstekorte veral aan geskoolde werkers het die Direkteur-generaal van Oorlogsvoorrade in Julie 1940 'n arbeidskomitee ingestel om hom van advies sowel as met die verskaffing van werkkragte behulpsaam te wees. Die komitee het aanbeveel dat lone en die indiensneming van ambagsmanne beheer word, dat afwatering van arbeidskragte (indiensneming van ongeskoolde arbeid in werk of onderdele daarvan wat as geheel as geskoold geklassifiseer is) onderneem word, en dat met die oog hierop 'n Kontroleur van Nywerheidswerkkragte ingestel word. Sodoende is die kontroleur met wye bevoegdheid in 1941 aangestel, wat naamlik enige nywerheid tot 'n beheerde nywerheid kon verklaar, registers van werknemers opstel, indiensneming of ontslag uit 'n bepaalde nywerheid kon verbied, werkers ontslaan of na ander inrigtings oorplaas, lone en werksure asook die toelating van noodarbeiders in beheerde gebiede reël, geskille besleg, ens.[49]

Die ingenieursnywerheid wat vir die voortsetting van die oorlog en produksie van krygstuig en ammunisie die belangrikste nywerheid was, was dan ook die eerste nywerheid wat in terme van die bostaande regulasies tot beheerde nywerheid verklaar is. Die nywerheid is omskryf as een wat die produksie van yster en staal, prosesse in verband met die opstelling en instandhouding van masjiene, metaalbouwerk, die vervaardiging van metaalgoedere en die bou van seevaartuie insluit. Dit is egter as onvoldoende bevind omdat die elektriese uitrusting van skepe nie beheer kon word nie. In Maart 1944 is die omskrywing breër gestel en het dit elektriese uitrusting van geboue en strukture ingesluit. Daardeur is seker gemaak dat die beheer oor alle soorte skeepsherstelwerk eenvormig en volledig was. Die kontroleur het ook die bevoegdheid gehad om vakmanne in die ingenieursbedryf van een werkplek na 'n ander oor te plaas soos hy nodig gehad het, wat wel gedoen was om die groot hoeveelhede skeepsherstelwerk in die hawens deur binnelandse vakmanne te laat hanteer. Verdere belangrike nywerhede wat onder beheer geplaas is, is die bounywerheid, die skoeiselvervaardigingsnywerheid en die stuwadoornywerheid, laasgenoemde veral vanweë stakings deur die ongeskoolde dokwerkers en die ontwrigting wat dit in die SA hawens veroorsaak het.

Die reedsgenoemde metode van afwatering ('dilution of skills') is in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark aangewend om tekorte aan geskoolde arbeid te probeer oorbrug. Hoewel dit in sommige presisie- en spesialiteitsrigtings soos by vervaardiging van ammunisie- en fyn instrumente nie gebruik kon word nie, was daar tog aansienlike afwatering – by name sogenaamde noodarbeiders- in die belangrikste nywerhede van die land. Die vakbonde was natuurlik daarteen gekant en hulle het slegs ingestem tot die aanstelling en opleiding van noodwerkers op voorwaarde dat hulle tot die een bepaalde werkverrigting beperk bly en dat hulle getalle in 'n bepaalde verhouding bly tot die opgeleide vakmanne in die betrokke werkplase. Die toelating van noodwerkers was die onderwerp van baie besprekings tussen die Kontroleur, die werkgewers, die Direksie van Oorlogsvoorrade en die Vakbonde. Dit was die beleid van die Regering dat, as 'n algemene reël, geen swarte vir 'verwateringsdoeleindes' gebruik mag word nie, uitgenome in die hoedanigheid van ongeskoolde werker of in die oorlogsnywerheid vir

werk waarvoor liggaamskrag en uithouvermoë nodig was; 'verwatering' is egter bewerkstellig deur die aanstelling van vroue en vakleerlinge.

Hierdie persone is hoofsaaklik by die werk opgelei, hoewel sommige deur die Sentrale Organisasie vir Tegniese Opleiding in die bediening en passing van masjiengereedskap en 'n aantal as radio-operateurs opgelei is. Hulle opleiding is beperk tot 'n peil wat genoegsaam was om hulle vir die spesiale werk, wat hulle moes doen, te bekwaam. In Julie 1941 is 'n ooreenkoms getref ingevolge waarvan noodarbeid slegs gebruik sou word in die produksie van krygsvoorrade of in ander werk vir verdedigingdoeleindes òf werk wat vir die mynbounywerheid of vir Suid-Afrikaanse Spoorweg-en Hawensadministrasie essensieel was òf om vakmanne te vervang wat deur die Kontroleur van een werkplek na 'n ander oorgeplaas is.

**Die uitwerking van die oorlog op arbeid.** Gedurende die oorlog het die getal wernemers in die nywerhede mynwese en vervoer 'n aansienlike vermeerdering getoon. Die werkindeks (1935 = 100) vir alle rasse in alle nywerhede het van 125,2 in 1939 tot 143,4 in 1945 gestyg. Die indeks van nie-blanke arbeid in sekondêre nywerhede het egter tussen 1939 en 1945 van 138,5 tot 207,5 gestyg, wat aansienlik hoër was as in die geval van blanke werkers. Die persentasie manlike blankes in sekondêre nywerhede het gedaal as gevolg van die hoër persentasie manlike nie-blankes en vroulike blankes wat daar werksaam was. Vroulike blanke arbeid het 'n ononderbroke styging getoon. Die opvallendste styging het in die ingenieursnywerheid plaasgevind wat voor die oorlog net manlike werkers aangestel het. Gedurendie die oorlog is nagenoeg 5,500 vroulike blankes in die nywerheid opgeneem. Die indeks van vroulike nie-blankes het ook 'n aansienlike styging getoon. Die grootste styging in arbeid – blankes en nie-blankes – het in die ingenieursnywerheid plaasgevind. In die ander nywerhede het die verhouding van die getal nie-blankes teenoor blankes aansienlik verander, en die getal nie-blanke arbeiders het in die saagmeul-, lekkergoed-, tekstiel-, klerasie, drukkery-, meubelmaak- en skoeiselbedryf in verhouding tot blanke arbeiders verdubbel.[50]

## Oorlogsfinansies

Een van die belangrikste probleme waarmee oorlogvoerende nasies te kampe het, is dié van oorlogsfinansiering en -finansiële beleid. Verhoogde staatsuitgawes is onvermydelik, en tog moet strenge beheer daaroor uitgeoefen word ten einde te verhoed dat die belangrike nasionale doelwitte in oorlogstyd nie skade ly nie. 'n Geslaagde oorlogstydse finansiebeleid het 'n soepel dog strenge stelsel van tesouriebeheer nodig.[51]

### Beheer oor verdedigingsuitgawes

a. Om aan die dringende militêre behoeftes te kan voldoen, is maatreëls aangeneem wat, terwyl hulle nie die uiteindelike beheer oor uitgawes deur die Tesourie en die Parlement geraak het nie, dit moontlik gemaak het om in die behoeftes van dag tot dag te voorsien sonder dat formele goedkeuring deur die Tesourie, met die daarmee gepaardgaande onvermydelike vertraging nodig was.

b. 'n Verslapping van direkte Tesouriebeheer, wat nietemin bygedra het om dit in hoofsaak te behou, was die instelling van die Oorlogsuitgawesrekening vanaf 1 April 1940. Hierdie rekening was van 'n deurlopende aard in plaas van een op 'n jaarlikse basis soos deur die Finansiewet (No 21 van 1911) vereis, en die doel daarvan was om die voorlegging van breedvoerige ramings van oorlogsuitgawes aan die Parlement oorbodig te maak. Sy fondse is deur die Verdedigings- en die Leningspos verskaf; enige surplus aan die einde van die jaar is nie afgestaan nie maar na die daaropvolgende jaar oorgedra. Hierdie beweging kan as die voorloper gesien word van die latere Rekening vir Spesiale Verdediginguitrusting wat in die na-oorlogse tydperk gevolg het.

c. Met die instelling van hierdie rekening was die pad oop na 'n nuwe benadering van beheer oor verdedigingsuitgawes. In Mei 1940 is die Verdedigingmagtigingskomitee in die lewe geroep waardeur 'n praktiese en uitvoerbare skikking getref is.

d. Hierdie Komitee het byna daagliks vergaderings in die Verdedigingshoofkwartier gehou en het sonder versuim aanbevelings gedoen in verband met al die versoeke om finansiële magtigings wat outomaties deur die Tesourie goedgekeur is as hulle deur die Komitee gunstig geëndoseer is.[52]

**Tesouriekontroleur van Finansies.** Nog iets wat tot die verslapping van Tesouriebeheer bygedra

het, was die aanstelling van die destydse Ondersekretaris van Finansies in Oos-Afrika met die rang van Brigadier en die ampstitel 'Tesouriekontroleur van Finansies'. Dit was noodsaaklik dat die beheer oor finansiële aangeleenthede wat die Unie geraak het, op die plek en sonder versuim uitgeoefen moes word, en omvattende bevoegdhede is namens die Tesourie en die Rekenpligtige Amptenaar van die Departement van Verdediging aan die Kontroleur verleen. Waar hy goedkeuring verleen het, het hy formele magtiging verleen vir alle dienste wat finansiële verpligtings meegebring het, soos byvoorbeeld die huur van grond en geboue, die oprigting van kampe, die stigting van hospitaal- en mediese dienste en die verskaffing van tegniese dienste, voorrade en uitrusting. Met die beweging van die Suid-Afrikaanse troepemagte na Abessinië en die Midde-Ooste het hy na die Unie teruggekeer.

### Verdedigingfinansiekomitee

a. Onderhandelinge met ander regerings het 'n spesiale liggaam van ministeriële rang vereis wat belangrike beleidsake kon oorweeg en daaroor moes besluit. In November 1941 is die Verdedigingfinansieskomitee bestaande uit die Eerste Minister, wat ook Minister van Verdediging was, die Minister van Finansies en die Minister van Spoorweë en Hawens, in die lewe geroep.

b. Hierdie Komitee was belas met sake soos die Oos-Afrikaanse poelrekening, finansiële reëlings met die VK ten opsigte van SA se land- en lugmagte in Oos-Afrika en die Midde-Ooste, die Gesamentlike Lugopleidingskema, finansiële sake betrokke by SA se lidmaatskap van die Voorsieningsraad van die Oostelike Groep en ander soortgelyke aangeleenthede. Die Komitee het tot vinnige besluite gekom en het vir die res van die oorlog gefunksioneer.

### Invordering van oorlogsuitgawes

a. Terwyl SA hom skuld op die hals gehaal het teenoor ander lande in verband met oorlogsuitgawes wat hulle ten behoewe van hom en sy leërmagte aangegaan het, het ander lande teenoor SA in die skuld geraak in verband met goedere of dienste wat die land aan hulle verskaf het. Ten einde die terugkryging van oorlogskoste moontlik te maak, was dit nodig om gedetailleerde rekenings te hou van uitgawes namens ander regerings, en aangesien dit die algemene rekenpligtige afdeling van die Departement van Verdediging te swaar belas het, is die Oorlogsuitgawesverhaalrekening met ingang van November 1941 in die lewe geroep; die personeel, wat uiteindelik ses-en-dertig getel het, het feitlik geheel en al uit leërpersoneel bestaan wat almal 'n boekhouopleiding gehad het.

b. Hierdie afdeling het uitvoerige aantekening gehou van alle uitgawes wat namens ander regerings en die Voorsieningsraad van die Oostelike Groep aangegaan is met betrekking tot die verskaffing van voorrade en uitrusting, die instandhouding van geboue en kampe, dienste soos water- en elektrisiteitsvoorsiening en die onderhoud van krygsgevangenes. Alle rekenings moes eers deur die Verdedigingsowerhedekomitee goedgekeur word.

### Finansiële koste van die oorlog

a. Direkte uitgawes deur die Departement van Verdediging in 1939–40, dws voordat die Oorlogsuitgawesrekening in die lewe geroep is, het R13 miljoen beloop.

b. Oor die tydperk 1 April 1940 tot 31 Maart 1946 was die stortings in die Oorlogsuitgawesrekening soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| i. | Pos No 5 Verdediging (Inkomstepos) | R1 000 |
| ii. | Leningspos | R482 050 |
| iii. | Bydrae deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens tot die koste van die Beskermingskorps vir Noodsaaklike Dienste | R2 960 |
| iv. | Bydrae deur die Departement van Handel en Nywerheid ter terugbetaling aan Oorlogsuitgawesrekening van koste van Direkteur-generaal van Voorrade | R1 200 |
| v. | Oorlogsuitgawesverhaal-rekening | R245 956 |
| vi. | Saldo in Standaardvoorraadrekening oorgedra na Oorlogsuitgawesrekening | 2 910 |
| | | R1 281 296 |

c. Die uitgawes uit die oorlogsuitgawerekening oor hierdie tydperk was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| i. | Verdedigingsuitgawes (direk) | 1 114 698 |

| | |
|---|---|
| ii. Direktoraat van Oorlogsvoorrade | 7 742 |
| iii. Direkte uitbetalings namens ander regerings | 120 932 |
| | 1 343 372 |
| Saldo oorgedra na 1946–47 | 37 924 |
| | 1 281 296[53] |

d. Uit die voorgaande syfers blyk dat die mikpunt soos deur die Minister van Finansies gestel naamlik om ongeveer 50 persent van die oorlogsuitgawes deur middel van lopende inkomste te finansier, feitlik verwesenlik is. Addisionele bronne van inkomste waarmee die groter staatsuitgawes gedelg kon word, sluit in 'n verhoging in spesiale heffings op die diamant- sowel as die goudmyne, die belasting op buitelandse aandeelhouers, die belasting op onuitgekeerde winste, die oorwinsbelasting en die spesiale belasting op bedryfswinste. Afgesien van die wenslikheid dat die nageslag nie met onredelike hoë oorlogskulde belas moet word nie, is verhoogde inkomstebelasting ook aangewend om inflasie teë te werk. Ander anti-inflasionistiese maatreëls het verkoopsbelasting op nuwe motors, persoonlike- en spaarfondsbelasting, winsbelasting op vastegoed en verhoogde hereregte ingesluit.

## Ekonomiese oorlogvoering en finansiële verdedigingsmaatreëls

a. **Handel met die Vyand.** Die vroegste finansiële oorlogswetgewing was hoofsaaklik daarop gemik om handel met die vyand te verhoed. Die Noodregulasies van 14 September 1939 het maatreëls uitgevaardig wat die stuur van geld na Duitsland verbied het en voorsiening gemaak het dat gelde wat deur 'n persoon in die Unie aan 'n persoon in Duitsland geskuld is, aan die Tesourie betaal moes word, en dat goedere wat die eiendom van 'n persoon in Duitsland was en deur 'n persoon in die Unie gehou is, vir verkoop beskikbaar gestel moes word. Hierdie maatreëls is later uitgebrei om ander vyandelike lande en lande onder beheer van die vyand te dek.

b. **Valutabeheer en kapitaaluitgifte**

i. Die hoofdoel van die valutabeheer wat gedurende die oorlog deur Brittanje ontwikkel is, was om alle finansiële bates wat vir betalings buite die sterlinggebied beskikbaar was, ter beskikking van die Regering te stel, om byvoegings tot hierdie batepoel so ver moontlik te vergroot, om te verseker dat die uitvloeiing uit die poel op so 'n wyse gereguleer sou word dat die grootste steun aan die oorlogspoging verskaf sou word en om te verhoed dat buitelandse transaksies in sterling Brittanje se buitelandse posisie sou verswak. Suid-Afrika, as lid van die destydse onbepaalde sterlinggebied, het belang by die finansiële welvaart van sterling gehad, en die maatreëls wat deur die Unie ten opsigte van valuta getref is, het die Verenigde Koninkryk geraak.

ii. Die eerste valutabeheermaatreëls in SA is by die Noodfinansiesregulasies van 9 September 1939 afgekondig en was soortgelyk aan diè wat deur die VK geformuleer is. Die regulasies het volle beheer oor alle transaksies in buitelandse valuta en goud aan die Tesourie toegeken, en sy funksies in hierdie opsig is deur die Reserwebank deur bemiddeling van sekere handelsbanke uitgevoer wat 'gemagtigde handelaars' genoem is.

iii. Die regulasies het die Tesourie gemagtig om alle transaksies in goud en buitelandse valuta te beheer, om buitelandse valuta en sekere sekuriteite wat in die besit van Unieburgers was, te verwerf, en om die uitvoer van goud, sekuriteite en valuta te beheer. Die Regulasies is by verskillende geleenthede gedurende die oorlog gewysig en verskerp.

## Samevatting: SA Finansies

a. Die tydperk vanaf 1933, toe Suid-Afrika van die goudstandaard afgestap het, tot 1939 is gekenmerk deur die feit dat geld volop was, terwyl die Unie toenemende voorspoed geniet het met 'n groot gunstige betalingsbalans. Hierdie likwiditeit het gedurende die oorlogstydperk voortgeduur, en selfs toegeneem, as gevolg van 'n hele aantal oorsake, waaronder die volgende die vernaamste was, naamlik die hoër prys van goud, 'n aanvanklike styging in goudproduksie, 'n toename in die algemene uitvoer gepaard met hoër pryse, beperkings op die invoer, en 'n aansienlike besteding van geld in SA deur buitelandse regerings, besoekende skepe, troepe en ontruimelinge.

b. 'n Tekort aan handelsartikels tesame met 'n ruimer hoeveelheid geld en 'n hoër volksin-

kome wat groter geldbesteding moontlik gemaak het, het onvermydelik tot 'n sekere mate van inflasie gelei. Die tekort aan handelsartikels was te wyte aan die aanwending van produksiekapasiteit vir die oorlogsdoeleindes van die Staat, aan 'n vermindering van voorrade omdat daar in dringende Staatsbehoeftes voorsien moes word, en aan 'n beperking van invoer. Die groter hoeveelheid geld en die hoër volksinkome was in die eerste plek te danke aan hoër staatsuitgawes wat inkomste geskep het, en aan die uiters gunstige betalingsbalans. Laasgenoemde het op sy beurt uit die aansienlike styging in SA se goudproduksie en die hoër goudprys voortgevloei, sowel as uitbreiding van die handelsuitvoere wat relatief groter as die handelsinvoere was. Die grootste prysstyging het by ingevoerde handelsgoedere voorgekom.

c. Om die inflasionistiese druk die hoof te bied, het die Regering, benewens die fiskale maatreëls wat vroeër genoem is sy toevlug tot 'n aantal direkte beheermatreëls geneem wat prys- en huurbeheer, boubeheer en gedeeltelike beheer oor lone ingesluit het.

d. Deels as 'n anti-inflasionistiese maatreël (om die hoeveelheid geld in omloop te verminder) en deels om 'n groter gedeelte van Suid-Afrika se goudproduksie aan die VK beskikbaar te stel, het die Regering in 1940–42 skemas op tou gesit om buitelandse skuld te repatrieer. Die prosedure het daaruit bestaan dat nuwe binnelandse lenings aangegaan is om buitelandse lenings daarmee te vereffen. Die buitelandse skuld, wat 36,26 persent van die totale skuld in 1939 gestaan het, het gevolglik teen die einde van 1945 tot 3.36 persent van die totale skuld gedaal.[54]

*Dr J. vd B. Breedt was verbonde aan die Militêre Akademie, Saldanha en is tans verbonde aan die Dept Ekonomie van Unisa.

**Verwysings**

(Verwysings 1–31 verskyn in deel I van die artikel in Militaria 13/1 van 1983.)

32. a.w. p. 833.
33. a.w. p. 835.
34. a.w. p. 837.
35. a.w. p. 838.
36. a.w. p. 839.
37. a.w. p. 840.
38. a.w. p. 841.
39. a.w. p. 842.
40. a.w. p. 844.
41. a.w. p. 847.
42. Eie Siening.
43. Jaarboek, a.w. p. 851.
44. J.M. Finley, SA Food and Agriculture in World War II.
45. Jaarboek, p. 858.
46. Jaarboek, p. 872.
47. Jaarboek, p. 873.
48. Jaarboek, p. 878.
49. Jaarboek, p. 863.
50. Jaarboek, p. 866.
51. Vgl Robertson in.
52. Jaarboek, p. 810.
53. Jaarboek, p. 813.
54. Jaarboek, p. 815.